# ...Kandidate... Kandidate...

## Johan Bell



**VOORSTELLER:** Annami Oosthuysen

**SEKONDANTE:** L. Bossi, L. Vos, C. Oosthuizen, L.R. van der Westhuizen, N. Myburgh.

**ONDERVINDING:**

1978:
Intervarsity-komitee

1981:
Besigheidsbeleggingsbestuur

1982:
Karnavalkomitee

1983:
Karnavalvoorsitter
Lid Saak

1984:
Wynkultuurverenigingbestuur
Ondervoorsitter: Nasionale Assosiasie van Joolorganisasies van Suid-Afrika
Karnavalraad van Trustees

**BELEIDSVERKLARING:**

Ek glo die SR, as studenteliggaam van finale instansie, behoort die beleid wat deur die SP gemaak word, uit te dra na die publiek. Onder die huidige stelsel dink ek die SR behoort ook by beleidmaking in die SP leiding te gee. Die uitdra van hierdie beleid moet onomwonde geskied sodat die rol wat die Universiteit van Stellenbosch op studentevlak speel, herstel kan word.

Verder glo ek dat die SR ook 'n belangrike rol te speel het by die bepaling en bevrediging van studente se behoeftes. Die Stellenbosse studente behoort meer seggenskap te hê in besluitneming wat hulle raak. Die SR moet by hierdie besluitneming die studente verteenwoordig.

## Johann Bosman



**VOORSTELLER:** Derick de Villiers.

**SEKONDANTE:** L.R. van der Westhuizen, L. Vos, H. Marais, F.C. Kotzé, E.W. Albertyn.

**ONDERVINDING:**

1981:
Redaksielid — *Admissant Amusant*
Bestuurslid — US Debatsvereniging
CSV-Leier (Eerstejaars) — Helshoogte
Redaksielid — *Helshoogte Jaarblad*
Ondervoorsitter — US Debatsvereniging
Redakteur (Algemeen) — *Stellenbosse Student 1982*
Redaksielid — *Helshoogte Jaarblad*
Kringleier — Helshoogte

1982:
Ondervoorsitter — US Debatsvereniging
Redakteur (Algemeen) — *Stellenbosse Student 1982*
Redaksielid — *Helshoogte Jaarblad*
Kringleier — Helshoogte

1983:
Voorsitter — US Debatsvereniging
Hoofredakteur — *Stellenbosse Student 1983*
Lid: Sentrale Karnavalkomitee
Behaal tweede plek — Nasionale Redenaarskompetisie vir studente
Verwerf BA Admissie

1984:
Voorsitter — US Debatsvereniging
Ouderling Studentekerk
Nagraads — Honneurs Sielkunde

**BELEIDSVERKLARING:**

Die SR het wesenlik 'n tweeledige rol te speel: Eerstens is dit administratief of uitvoerend, en tweedens leidingsgewend van aard.

Binne 'n sisteem met sulke opdragte, stel ek aan myself die volgende vereistes:

— Die gestanddoening van my plig en roeping as Christen;
— Die honorering van kritiese en objektiewe maatstawwe in besluitneming;
— Die behoorlike uitvoering van my pligte gedagtig aan my verantwoordelikheid teenoor die Stellenbosse Studente-unie.

Ek glo dat entoesiasme en motivering onderliggend aan SR-sukses lê en omdat ons in 'n nuwe Suid-Afrika staan, vernuwing en oorspronklikheid verdere bates is. Dit beteken nie dat 'n kulturele erfenis of tradisie summier vergeet kan word nie, maar dat dit eerder as 'n vertrekpunt gesien moet word.

Om in werklikheid aan al hierdie vereistes te beantwoord is onmoontlik — sonder die krag en genade van my God.

## Derick de Villiers



**VOORSTELLER:** Karin Strydom

**SEKONDANTE:** C.F. Sieberhage, J. Punt, M. van der Walt.

**ONDERVINDING:**

1981:
Redakteur van die *Libertyn*
Subredakteur van die *Akkerjol*

1982:
Redakteur van die *Libertyn*
SP-lid vir Libertas
Verwerf B.A. (met regsvakke)

1983:
HK-lid vir Libertas (Tesourier)
Lid van die SR — Verenigingskomitee
Lid van die SR — Klere- en Erekleure-komitee
Lid van die Van der Stelfeesburgerraad

1984:
SP-lid vir Libertas
Ondervoorsitter van die SP
Voorsitter SP — Bestuurskomitee
Voorsitter SP — Grondwet en reglemente komitee
Lid van die SR — Verenigingskomitee
Lid van die SR — Klere- en Erekleure-komitee
Lid van die Libertas grondwethersieningskomitee

**BELEIDSVERKLARING:**

Die SR op Stellenbosch het 'n dubbele rol om te speel. Enersyds het hulle 'n administratiewe of uitvoerende funksie. Hierdie funksie vind sy uitvoering in die nakoming van die opdragte van die SP en die reglemente van die SR. Andersyds het die SR 'n leidende funksie op Stellenbosch. Hierdie funksie kom tot sy reg wanneer die SR 'n leidende rol speel op die SP en so die toon aangee van wat op die kampus moet plaasvind. Dit sal my strewe wees om hierdie tweeledige verantwoordelikheid na te kom. Deur die SR, as die hoogste uitvoerende liggaam, kan aan die studente se behoeftes, wat op die SP geïdentifiseer is, op alle vlakke uitvoering gegee word. Hiertoe stel ek myself beskikbaar en met die hulp van Bo sal ek die boonste na die beste van my vermoë volvoer.

## Hendrik du Toit



**VOORSTELLER:** Le Roux van der Westhuizen

**SEKONDANTE:** T.G. Roos, L. Bossi, M. van der Walt, G. de la Bat.

**ONDERVINDING:**

1979:
Hoofseun van die Hoërskool Jan van Riebeeck
Finalis in die landswye Junior Rapportryersdebatskompetisie

1980—1981:
Verrig Nasionale diensplig in die SA Leër en word bevorder tot tweede luitenant.
Ontvang by twee geleenthede die bevelvoerder van die eenheid se spesiale aanprysingsertifikaat
Finalis in die SA Leër se landwye redenaarskompetisie

1982:
Lid van wenspen in die Interkoshuisdebatskompetisie
Bereik halfeindronde in die US se tennistoernooi vir eerstejaars
Wilgenhof tennis en rugby

1983:
Lid van Koshuiskarnavalkomitee
Bestuurslid van die US Debatsbestuur
Wenner van die US se Senior Redenaarskompetisie
Wilgenhof Eerste tennisspan

1984:
Wenner van die US-afdeling van die landwye Ou Mutual (Nedbankbegrotingskompetisie vir handelstudente)
Diaken in die N.G. Kerk
Lid van die US Debatsbestuur
SR-lid vir Wilgenhof
Wilgenhof tenniskaptein, rugby
US se verteenwoordiger op komende ATKV inter-universitêre redenaarskompetisie

**BELEIDSVERKLARING:**

Indien ek tot die US se Studenteraad verkies sou word, sou ek my eerstens beywer daarvoor dat die bestaande gaping tussen die studente-massa en die SR oorbrug word. As top uitvoerende liggaam besit die SR die ontsaglike potensiaal wat tot voordeel van elke studente benut behoort te word, maar dan moet die studente agter hul Studenteraad staan. Dit moet dus doelwit nommer een wees anders verloor die SR alle relevantheid en kan dit as 'n onnodige finansiële las van die Universiteit beskou word.

Tweedens moet die SR nie skroom om na aanleiding van die studente-mening, soos bepaal deur meningspeilings in die SP-kiesafdelings of deur middel van algemene kampusreferendums, uitsprake namens Stellenbosch te maak nie. Die Studente-unie verwag van SR-lede om soms oor kontroversiële aangeleenthede eerlike uitsprake te maak, soms selfs teen die gesagstrukture op die kampus.

Laat ons dus die 1984/85-termyn 'n SR uit die studente vir die studente daarstel!

## Cameron Kotzé



**VOORSTELLER:** Annami Oosthuysen

**SEKONDANTE:** C.F. Sieberhage, A. Oosthuysen, L.R. van der Westhuizen, M. van der Walt, H.A. Stander.

**ONDERVINDING:**

1982:
Koshuis Debat
Radio Matie-eksterne nuus (SR en SP dekking)

1983:
Kringleier
Koshuisbesprekingskring
Koshuis jaarblad redaksielid (tesourier)
Mabré Rugbyklub bestuurslid
Radio Matie Eksterne Nuus (SR en SP dekking)

1984:
SP-lid
Intervarsitykomitee
Kommissie van Ondersoek na die werksvelde van SP, Primkomitee en Junior Breëbestuur
Koshuisdebat
Wit Duif Redaksielid

**BELEIDSVERKLARING:**

Die Studenteraad moet die Studente-unie met die nodige verantwoordelikheid verteenwoordig, asook sy administratiewe plig teenoor die Studente-unie behoorlik nakom. Die Studenteraad moet ook die opdragte wat hy van die Studenteparlement ontvang, uitvoer en aan die Studenteparlement daaroor verslag doen.

Ek verklaar dat indien ek tot die Studenteraad van die Universiteit verkies word:

i) ek in geen besluit my Christelike gewete of beginsels sal verkrag nie en my volle vertroue altyd in die Skepper sal wees,
ii) ek die Studente-unie na die beste van my vermoë sal dien.

## Annami Oosthuysen



**VOORSTELLER:** Estelle de Leeuw

**SEKONDANTE:** V. Mostert, A. Steenkamp, K. Strydom, F. Raymond, J. Punt, L. Bossi.

**ONDERVINDING:**

1980:
Rotariër Uitruilstudent na VSA

1981:
Nerina — Eerstejaarskomitee
Aktuele Redakteur — *Die Matie*

1982:
Huiskomitee — Nerina
Vasvra — Nerina
Redakteur SR/SP vir *Stellenbosse Student*
Nuusredakteur — *Die Matie*
YLF-Afgevaardigde

1983:
Onderprimaria — Nerina
SP-lid — Nerina
Publikasiekomitee van die SR
Lid van SAAK-bestuur
Lid van die SP-komissie van Ondersoek na ASB-heraffiliasie

...Kandidate... Kandidate...

# ...Kandidate... Kandidate...

SSD-afgevaardigde: Potchefstroom

1984:
SP-lid — Nerina (buitengewoon)
Lid van Studenteraad
Lid van Uitvoerende Komitee van die Studenteraad

**BELEIDSVERKLARING:**
Die sukses of mislukking van die 1984/1985-termyn sal die deurslaggewende toets wees in die vraag of die huidige SR/SP stelsel funksioneel is. Die afgelope termyn was 'n goeie leerskool. Met u steun gebruik ek graag hierdie ondervinding en waarnemings om 'n paar haakplekke saam met u te help uitstryk.

Veral die Studenteraad moet sy rol en funksie krities ondersoek en evalueer. Die SR behoort sy bedingingsmag by die universiteitsowerhede duideliker te omskryf en dit in belang van die breë kampus te gebruik.

Van die mikpunte kan steeds wees om spoedig 'n studentedekaansafdeling aan die Universiteit te kry, asook studentewaarnemers in die Senaat.

Skakeling met ander kampusse, veral in die Kaap, moet 'n hoë prioriteit wees. Politieke en aktuele verwikkelinge verg die SR se deelname aan oop gesprek, veral met mede-studente.

Ek verseker u van my opregte belangstelling en toewyding in die uitvoering van my SR-verpligtinge op administratiewe en uitvoerende vlak.

## Helmut Pool



**VOORSTELLER:** Le Roux van der Westhuizen

**SEKONDANTE:** L Vos, J. Schoonraad, N. Wilkens.

**ONDERVINDING:**
1981:
Tesourier HSV

1982:
Lid van Intervarsitykomitee
Tesourier ASVS
Tesourier HSV

1983:
Lid van Karnavalkomitee
Lid van Eendrag Huiskomitee
Toerleier HSV Konserttoer
Tesourier HSV
Tesourier Intervarsitykomitee

1984:
Lid vir Leierskapsontwikkelingskomitee
Lid van SP-Bestuurskomitee
SP-lid Eendrag
Konvenor Intervarsitykomitee
Studenteraadslid

**BELEIDSVERKLARING:**
Ek glo dat die Studenteraad drie primêre funksies het, nl. Administratief, uitvoerend en leidinggewend.

In die huidige SP/SR-stelsel het die Studenteraad beslis 'n sterk administratiewe rol te vervul. Ek glo dat hierdie funksie slegs effektief uitgevoer kan word indien daar deeglik beplan word en doeltreffend deurvoering aan die beplanning gegee word.

Die Studenteraad is ook die hoogste uitvoerende liggaam van die Studente-unie en het dus 'n belangrike rol te speel in die skakeling met die Universiteitsowerhede in sake wat die Studente-unie raak. Die huidige verteenwoordigende stelsel skep juis uitstekende geleentheid vir die Studenteraad om op hoogte te bly met die behoeftes van die Studente-unie.

Die leidinggewende funksie van die Studenteraad moet met die nodige verantwoordelikheid uitgevoer word ten einde die studentegemeenskap van Stellenbosch se belange te dien asook om die goeie beeld van die Universiteit na buite uit te dra.

## Johan Punt



**VOORSTELLER:** Niël van der Merwe

**SEKONDANTE:**
M. van der Walt, L. Bossi, H. Marais, E. de Leeuw, L. Vos, J. Mostert.

**ONDERVINDING:**
1982:
Hombré Karnavalkomitee

1983:
Tweedejaarsleier Hombré
Lid van JBB
Hombré Karnavalkomitee
Hombré Huisdanskomitee
Lid vir Fondse (KJA)
KJA Kringleier
Kwalifiseerde Karnavalmeester

1984:
SP-lid Hombré
SP Bemarkingskomitee
HK-lid Hombré
Tesourier
Karnavalvoorsitter
Huisdans
Koshuiskerkraad
Raadgewer

**BELEIDSVERKLARING:**
Ek glo aan die sukses en die potensiaal van die stelsel van studenteverteenwoordiging op Stellenbosch. Aangesien dit primêr om dienslewering gaan, is effektiewe administrasie essensieel.

Vir effektiewe dienslewering glo ek dat studenteleiers oop en ontvanklik moet wees vir idees van buite. In die strewe hierna glo ek aan noue kontak tussen die SR en die Studente-unie.

Studentepolitiek kan slegs bedryf word indien die SR hom in 'n situasie bevind waar hy met eerlike en opregte gemoed kan sê dat hy op administratiewe vlak alles moontlik gedoen het om sy Studente-unie 'n gelukkige en goedgeorganiseerde termyn te waarborg.

Ek verklaar my hiermee bereid om die Studente-unie eerlik en geesdriftig te dien, en om die hoogste belange van die Universiteit voorop te stel. In dit alles glo ek dat 'n Christelike lewensbeskouing as grondslag moet dien.

## Frank Raymond



**VOORSTELLER:** C.F. Sieberhagen

**SEKONDANTE:**
E. de Leeuw, G. de Vos, F.C. Kotzé, C. Oosthuizen.

**ONDERVINDING:**
1980—81:
Lid van Bergville Huiskomitee
Lid van Oude Molen Juniorbestuur

1981:
Lid vir Oude Molen Grondwetkomitee
Lid van Redaksie van koshuiskoerant
Lid van US Skaakspan
Ondervoorsitter van US-skaakklub

1981—82:
Lid van Oude Molen Huiskomitee
Lid van US-Gesprek Beheerkomitee
Sekretaris Bergville Huiskomitee
Ondervoorsitter van US-skaakklub

1982—83:
Lid van Studenteparlement (Oude Molen)
Lid van Reëlingskomitee (SP)
Onder Primarius Oude Molen Huiskomitee
Redakteur van koshuiskoerant
Lid van Uitvoerende Komitee Oude Molen

1983—84:
Lid van Studenteparlement (Oude Molen)
Lid van Bestuurskomitee SP
Lid van Kommissie van Ondersoek: Huuruitbuiting
Voorsitter van Reëlingskomitee SP
Lid Regshulp Stellenbosch
Ondervoorsitter Stellenbosse Politieke Ondersoek en Gespreks-komitee (SPOG)

1984—85:
Lid van Studenteparlement (Oude Molen)


**BELEIDSVERKLARING:**
Dit sou vir my 'n besonder voorreg wees om die Studente-unie te dien as SR-lid.

Dit is die vol van die SR om opdragte en beleid, soos opgedra deur die SP aan die SR, met presiesheid deur te voer. Hierby dra die SR 'n plig om verantwoording van sy werksaamhede aan die Studente-unie en die SP te doen. Ek beskou administratiewe deeglikheid as die grondslag vir 'n suksesvolle SR-termyn en ek sal poog om met die ondervinding wat ek in die afgelope twee termyne as SP-lid opgedoen het, die portefeulje aan my opgedra aan deeglikheid te laat voldoen.

Ek sal dit ten doel stel om gesprek, hetsy inter-universitêre of binne kampus verband te stimuleer. Skakeling tussen universiteite in Suid-Afrika is vir my van kardinale belang. In die opsig sal ek my daadwerklike beywer tot die stigting van 'n nasionale studenteforum.

Wat die politiek betref, beskou ek die huidige grondwetlike inisiatiewe as 'n beginpunt tot 'n meer regverdiger bestel vir almal in die RSA.

## Francois Sieberhagen



**VOORSTELLER:** F.C. Kotzé

**SEKONDANTE:** F. Raymond, D. de Villiers, J. van Rensburg, N.E. Lamprecht, K. Strydom, J. Verster.

**ONDERVINDING:**
1978—1980:
UPE

1982—83:
SP-lid Oude Molen
Lid van Verenigingskomitee
Lid van Erekleurekomitee
Konvenor Erekleuredinee
Lid van KJA-Barmhartigheidsaksie (Ondervoorsitter)
Maties Hokkie

1983—84:
SP-lid vir Oude Molen
Studenteraadslid
Voorsitter van Studente- en Akademiese Belange Komitee
Voorsitter van Kleure en Erekleurekomitee
Lid van Studente-oorlegkomitee
Maties Hokkie

1984—85:
Buitengewone lid van Studenteparlement

**BELEIDSVERKLARING:**
Primêr het die Studenteraad twee belangrike funksies naamklik: Administratiewe funksie en Verteenwoordigende funksie.

Administratief in die sin dat opdragte van die Studenteparlement uitgevoer word en bestaande portefeuljes gehanteer word tot voordeel van die Studente-unie. Hierdie funksie behels ook gereelde skakeling met Administrasie. Die afgelope termyn het bewys dat die skakeling tussen Administrasie en die Studenteraad goed was, maar dat daar nog ruimte is vir verbetering.

Die Studenteraad het ook die verantwoordelikheid om die kampus na buite te verteenwoordig. Ek het vanjaar ondervind dat daar weer eens baie ernstig besin sal moet word oor die stigting van 'n studente-forum waaraan al die kampusse sal kan deelneem en waar daar besin sal kan word oor belangrike gebeure van die dag.

Ek sal, indien ek herkies word, al my kennis en ondervinding aanwend om die twee funksies van die Studenteraad nog verder te ontgin en te ontwikkel.

## Hendrik Stander



**VOORSTELLER:** Robert Kotzé

**SEKONDANTE:** A. Oosthuysen, L.R. van der Westhuizen, F.C. Kotzé, T.G. Roos.

**ONDERVINDING:**
1981:
Dagbreek Karnavalkomitee
Sekretaris Dagbreek Rugbyklub
Hoofdirigent Intervarsity
Kringleier

1982:
Dagbreek Karnavalkomitee
Sekretaris Dagbreek Rugbyklub
Sentrale Rugbyklub Bestuur
Kringleier

1983:
Kultuurkomitee
Intervarsitykomitee
Voorsitter Dagbreek Rugbyklub
Sentrale Rugbyklub Bestuur
Dagbreek Karnavalkomitee

1984:
HK-lid vir Dagbreek
Intervarsitykomitee
Voorsitter Dagbreek Karnavalkomitee

**BELEIDSVERKLARING:**
Hiermee verklaar ek my bereid om, indien ek as lid van die Studenteraad verkies sou word, alle opdragte en pligte wat my opgelê so word, getrou en na die beste van my vermoë uit te voer.

As Studenteraadslid so ek my daarvoor beywer om die belange van die Universiteit van Stellenbosch te alle tye te beskerm en op die hart te dra.

Wat die Studenteraad self betref, beskou ek dit as uiters belangrik dat die liggaam sal toesien dat die administratief goed gaan met die studente op Stellenbosch. Die Universiteit en sy studente kan nie groei en groot hoogtes bereik as sy studente nie gelukkig is nie.

Met bg. misken ek egter nie die feit dat die Studenteraad die verantwoordelikheid het om politieke denke te stimuleer en aan relevante sake aandag te gee nie. Ek wil dit egter duidelik stel dat ek my nie deur enige groep, liberaal of konserwatief, of sleeptou sal laat neem nie, maar sal poog om sonder om partypolitiek te bedryf, positiewe leiding op hierdie gebied te gee.

Al hierdie voornemens is afhanklik op die hulp van Bo op wie ek sal vertrou om my voornemens ten uitvoer te bring.

# ...Kandidate... Kandidate...

# ...Kandidate... Kandidate...

## Karin Strydom



**VOORSTELLER:** Mardia van der Walt

**SEKONDANTE:** Marieke van der Walt, D. de Villiers, V. Mostert.

**ONDERVINDING:**

1981:
Eerstejaarskomitee, Huis de Villiers
Sosiale Redakteur, Koshuiskoerant
Raadgewer, Skoolverlaterskamp

1982:
CSV-Kringleier, Barmhartigheidsaksie (Blindes)
Subredakteur, Koshuiskoerant
Karnaval- en Sangfeeskomitee, Huis de Villiers
Raadgewer, Skoolverlaterskamp

1983:
HK-lid, Huis de Villiers
Redakteur, koshuiskoerant
Debutante, Raadgewer stranddienste
SP-lid, Huis de Villiers
Lid van Kommissie van Ondersoek na SR-stemreg vir Studente-unie
Lid van Studente- en Akademiese Belangekomitee

1984:
SP-lid, Huis de Villiers
SR-lid — Damesbelange
Ondervoorsitter Verenigingskomitee

**BELEIDSVERKLARING:**


Hiermee stel ek my weer eens beskikbaar om as SR-lid te dien.

Die SR het 'n taak om die besluite wat op die SP geneem word, so effektief moontlik uit te voer. Die beleid wat die SP neerlê, asook hul bedingingsmag, sal dus op sy duidelikste vergestalt word in die doen en late van die SR.

SR-lede moet egter nooit hul SP-skap uit die oog verloor nie, en moet 'n belangrike rol speel om debatvoering en gesprek in die SP, en dus ook op kampus, te stimuleer. Stellenbosch is nie 'n eiland nie en deur insette wat 'n breër perspektief op die Stellenbosse studentelewe gee, kan die gehalte van die SR se uitvoerende taak ook net verhoog word.

Met die hulp van Bo onderneem ek om met entoesiasme die bogenoemde funksies te verrig.

## Niël van der Merwe



**VOORSTELLER:** F.C. Kotzé

**SEKONDANTE:** N. Wilkens, V. Mostert, A. Oosthuysen, L. Vos, E. Albertyn.

**ONDERVINDING:**

1981:
Admissiebondbestuur
2de Jaars-komitee, Simonsberg
Dinamiek-redaksielid
Kringleier
Die Simonsberger-redaksielid

1982:
Huiskomiteelid
Admissiebond (Ondervoorsitter)
SP-lid, Simonsberg
Mosie-komitee van die SP
SSD-Afgevaardigde

1983:
Huiskomiteelid (Sekretaris), Simonsberg
SP-lid, Simonsberg
Bestuurskomitee, SP
Verenigingkomitee

1984:
SR-lid
UK-lid (Sekretaris)
SP-lid, Buitengewoon Simonsberg
SSD-afgevaardigde
Diaken, Stellenbosch-Wes

**BELEIDSVERKLARING:**

Die hooftaak van die Studenteraad is dienslewering aan die studente en dit is gebou op deeglike administrasie en verantwoordelike leidinggewing. Elke portefeulje moet dus ten volle ontgin word. Ek verbind my graag aan harde pligsgetroue werk. Die SR moet egter ook op verantwoordelike wyse leiding kan gee, sodat hy 'n navolgenswaardige voorbeeld kan stel. Verder beteken dit dat die Studente-unie ook verteenwoordig moet word o.a. by die universiteitsowerhede en op inter-universitêre vlak om wedersydse begrip te verseker.

Ek glo dat ons huidige stelsel besondere potensiaal inhou, hoewel daar ook ruimte is vir verbetering. Dit is dus ons plig om dit uit te bou waar nodig.

Ek sal altyd probeer om meer eerlikheid en geesdrif te handel in bg. sake en net my beste te lewer. Ek sal my beywer vir die doeltreffende skoling van leiers en effektiewe skakeling na buite, indien ek verkies word.

My Christelike beginsels sal te alle tye as norm in besluite geld.

## Marieke van der Walt



**VOORSTELLER:** André Duvenhage

**SEKONDANTE:** N. Wilkens, L. Bossi, K. Strydom, E. de Leeuw.

**ONDERVINDING:**

1981—82:
Sekretaresse van JV

1982:
Juniorkomitee Nerina
Sentrale Stembuskomitee Sekretaresse

1983:
HK-lid Nerina
SSD-afgevaardigde
Lid Regshulp

1984:
SP-lid Nerina
Sekretaresse SP
Lid Bestuurskomitee
Voorsitter Mosiekomitee
Lid van SPOG-komitee

1984—85:
Buitengewone SP-lid Nerina

**BELEIDSVERKLARING:**

'n Universiteit is 'n gemeenskap van studente en dosente, waarvan die belangrikste taak die skep van geleenthede vir die volwaardige ontwikkeling van sy studente is. Teen hierdie agtergrond moet die werksaamhede van die SR gesien word, en die SR moet sy bydrae lewer om diê doel te bereik.

Die SR het minstens die volgende funksies:

1. In die huidige stelsel is die SR steeds die belangrikste kommunikasiekanaal tussen die universiteitsowerhede en die studente-unie via die SP. Ek glo daar kan meer gedoen word om hierdie funksie uit te bou, en ek sal my graag wil beywer vir studentedeelname aan die Senaatsvergaderings.
2. As organiseerder en inisieerder van studente-aktiwiteite kan die SR 'n baie belangrike bydrae lewer tot die gebalanseerde ontwikkeling van elke student.
3. Deur sy leiding behoort die SR mee te werk om Stellenbosch se tipiese karakter te behou en uit te bou.
4. Laastens kan 'n SR-lid sy portefeulje net suksesvol hanteer indien sy administratief effektief is.

Ek sal my daarvoor beywer om bogenoemde funksies tot hulle volle potensiaal te laat ontwikkel en ek sal, indien ek verkies word, my portefeulje met entoesiasme en harde werk aanpak.

## Le Roux van der Westhuizen



**VOORSTELLER:** Annami Oosthuysen

**SEKONDANTE:** V. Mostert, L. Bossi, M. van der Walt, T. Roos, C. Oosthuizen, L. Vos.

**ONDERVINDING:**

1981:
Lid van Studente- en Akademiese Belangekomitee

1982:
Redaksielid Admissante-blad

1983:
Wilgenhof Besprekingsklubbestuur
KJA Kringleier
KJA Bestuurslid
Organiseerder van Eerstejaaskamp
Uitvoerende Bestuur van Sielkundevereniging
Dien op fakulteitskomitee van Lettere en Wysbegeerte as verteenwoordiger van Departement Sosiologie
Wilgenhof Huiskomitee
Studenteparlementslid: Wilgenhof

1984:
Studenteraadslid
Lid van Uitvoerende Komitee (Tesourier)
Tans besig met Honneurskursus in Kliniese Sielkunde
Medelid van die SA Instituut vir Kliniese Sielkunde

1984—85:
Studenteparlementslid: Buitengewone Nominasies

**BELEIDSVERKLARING:**

Dit is van deurslaggewende belang dat ons huidige studenteverteenwoordigende stelsel in die 1984/85 termyn voldoen aan die hoë verwagtinge wat in teorie daaraan gekoester word.

Belangrike hoofkomponente binne diè stelsel is 'n Studente-unie wat belangstel en met vertroue aktief deelneem; 'n Studenteparlement wat werklik behoeftes identifiseer en doeltreffend verteenwoordig en 'n Studenteraad wat onvoorwaardelik diens lewer.

Om sy kant te bring in die geïntegreerde geheel moet die Studenteraad:

1. Relevansie aan die bestaan van die SP verleen, deur die opdragte wat hy vandaar ontvang noukeurig beplan, uit te voer en daarna eerlik verslag te doen oor die sukses/al dan nie van die betrokke projek;
2. Binne portefeuljeverband die noodsaaklike jaarlikse projekte so professioneel, verantwoordelik en verbeeldingryk aanpak — dat die studente dit as verruwend genotvol en betekenisvol ervaar;
3. Oor die aktiwiteite van die verskillende organisasies, komitees en verenigings met 'n ope gemoed toesig hou, en dit funksioneel koördineer sodat ons kampus 'n lewensruimte sal bied waarbinne verskillende belangegroepe hulleself kan handhaaf en ontwikkel;
4. Met eerlikheid die studente se realistiese aansprake by die universiteitsowerhede bekend maak en vasbeslote poog om dit te bevorder.
5. Met doelgerigte idealisme die studente van Stellenbosch op ander Suid-Afrikaanse kampusse verteenwoordig en ons standpunte met volle oortuiging stel, sodat Stellenbosch sinvol betrokke kan raak by ons Suid-Afrikaanse samelewing en sy probleme/uitdagings.

Ek sal graag wil aanbeveel dat:

1. Die nuwe Studenteraad oorweging skenk aan die hou van ope, algemene beplanningseminaar in die vierde kwartaal. Alle Matie-studenteleiers en verteenwoordigers kan hierheen genooi word om in konstruktiewe gesprek te tree oor die knelpunte op die kampus, sowel as die voorlê van voorstelle en riglyne vir moontlike oplossings.
2. Die aktiwiteite van die SP/SR op 'n beplande en ewewigtige wys onder die Studente-unie se aandag gebring word.
3. Samesprekings oor die uitbreiding van studenteverteenwoordiging by die universiteitsowerhede voortgesit word.

Ek verbind myself om na bogemelde te strewe.

## Phillip Verster



**VOORSTELLER:** Robert Kotzé

**SEKONDANTE:** L. Bossi, N. van der Merwe, J. Punt, A. Oosthuysen, G de la Bat.

**ONDERVINDING:**

1982:
Lid: Helshoogte Debatspan
NP Wyksraad

1982—83:
Sekretaris: NP Studentetak
Voorsitter: Helshoogte Juniorkomitee
Bestuurslid: Afrikaanse Studentevereniging
Lid: Helshoogte Karnavalkomitee
Helshoogte Reüniekomitee
Helshoogte Dans-en-Dineekomitee
Klere-en-Erekleurekomitee
Junior Breëbestuur
Lid van Kommissie van Ondersoek na JBB

1983—84:
Studenteparlementslid: Helshoogte
Voorsitter: NP Studentetak
Ondervoorsitter: NP Skakelkomitee
Ondervoorsitter: NP Streekbestuur (Jeug)
Ondervoorsitter: Helshoogte Opedagkomitee
Ondervoorsitter: Sentrale Karnavalkomitee
Lid: Kleure-en-Erekleurekomitee
Leierskapsontwikkelingskomitee
Redakteur: Helshoogte "Nuusbrief"

1984—85:
Studenteparlementslid: Helshoogte

**BELEIDSVERKLARING:**

My oortuigings om myself beskikbaar te stel was as volg:

(a) Verskeie aangeleenthede en aktiwiteite tans deur die SR aangebied en geïnisieer word steeds nie optimaal benut nie. Verbeterings sou slegs moontlik wees indien dit van die Studente-unie self kom.
(b) In aansluiting met bogenoemde is ek oortuig dat slegs deur aktiewe dienslewering en 'n spesifieke inset veranderinge teweeg gebring kan word. Ek beskou die SR as platvorm vir die uitvoering hiervan.
(c) Die SR het na my mening ook 'n besliste leidinggewende verantwoordelikheid met betrekking tot beleidmaking in die SP.

Ek onderwerp my aan u besluit en gesag in hierdie saak.

# ...Kandidate... Kandidate...